SENWES BEPERK v JP VAN DEN BERG LANDGOEDBK

SAAKNO: A108/2008

CILLIÉ, R

18 JUNIE 2009

Eis om skadevergoeding omdat verweerder (respondent) nie koring aan eiser (appellant) gelewer het ingevolge ‘n skriftelike kontrak nie.

Kontrak – skadevergoeding – force majeure – die verskyningsvorm van force majeure waarop verweerder steun in sy verweerskrif is “graadskade as gevolg van reën tydens stroop”. Die geskilpunt wat die landdros gevolglik geroepe was om te bereg was slegs of verweerder graadskade as gevolg van reën tydens stroop gehad het. Bewys verweerder dit moes die landdros die eis afwys. Bewys verweerder dit nie moes die verhoor op kwantum van skade voortgaan.

Kontrak – force majeure – kontrak bepaal dat waar ‘n beroep op force majeure gedoen word, moet eiser ‘n instansie aanwys om die geldigheid daarvan te ondersoek – dis nie gedoen nie.

Kontrak – force majeure – eiser wil verweerder se beroep op force majeure afhanklik stel daarvan dat die koper met wie eiser op sy beurt ‘n rug-teen-rug koopkontrak ten aansien van die koring gesluit het, tevrede moet wees met die beroep op force majeure – kontrak bevat geen bepaling wat so ‘n houding regverdig nie.

Kontrak – force majeure – as verweerder vanweë force majeure nie koring van die ooreengekome graad kon lewer nie, is hy vrygestel van lewering en kon hy sy koring verkoop waar en teen welke prys hy wil. Eiser wou lewering van die koring hê maar slegs die prys betaal vir ondergraad koring.

Appellant se eis afgewys.